SWARTLAND MUNISIPALITEIT
VERORDENING INSAKE OPENBARE OORLASTE

Kragtens die bepalings van artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bepaal Swartland Munisipaliteit soos volg:-

INHOUDSOPGAWE

1. Woordomskrywing
2. Oogmerke van verordening en toepassing

HOOFSTUK 1: ALGEMENE BEPALINGS INSAKE OPENBARE OORLASTE

3. Gedrag en optrede

HOOFSTUK 2: AANHOU VAN DIERE

4. Toestemming om diere aan te hou
5. Pligte van eienaar of bewaarder van diere
6. Diere wat op onbevredigende wyse aangehou word.
7. Genadedood van diere
8. Sigbaarheid van strukture
9. Handeldryf met diere

HOOFSTUK 3: BEPALINGS MET BETREKKING TOT HONDE

10. Honde in strate of openbare plekke
11. Beheer oor honde
12. Getal honde
13. Hondetelers
14. Voorwaardes en beperkings
15. Intrek van toestemming

HOOFSTUK 4: SAMEWERKING TUSSEN MUNISIPALITEITE

16. Dienslewering sreëlings
17. Bevoegdhede van die munisipaliteit

HOOFSTUK 5: AFDWINGING

18. Reg van toegang en inspeksie
19. Beslaglegging en skut van diere

HOOFSTUK 6: ALGEMENE BEPALINGS

20. Betekening van dokumente
21. Appèl
22. Strafbepalings
23. Vrystellings
24. Gemeenskapskakelforums
25. Herroeping van verordeninge
26. Kort titel en inwerkingtrede

1. Woordomskrywing

In hierdie verordening, geniet die Engelse teks voorrang en in die geval van teenstrydigheid tussen die verskillende tekste, en tensy dit uit die samehang anders blyk, het die volgende woorde die volgende betekenisse-

"aanstootlike materiaal" tuinvullis, afval, afvalmateriaal, rommel, afvalyster, voorwerp of ding, uitgediende masjinerie, motorwrakke asook uitgediende onderdele daarvan, rommel van enige bouwerksaamhede, of enige vullis wat op enige grond of perseel gestort word, met inbegrip van nuwe of gebruikte boumateriaal wat nie nodig is in verband met bona fide-boubedrywighede wat op enige gronde aan die gang is nie, en omvat dit enige vaste stof, vloeistof of gas wat aanstootlik of gevaarlik of nadelig vir die gesondheid is of kan word, of wat wesenlik inbreuk maak of kan maak op die gewone gerief van 'n persoon;

"agent" in verband met die eienaar van eiendom, beteken 'n persoon wat deur die eienaar aangestel is om -

(a) huur of ander betalings ten opsigte van die eiendom namens die eienaar te ontvang; of
(b) om betalings namens die eienaar ten opsigte van die eiendom te maak;

"dier" 'n lid van die perdefamilie, bees, skaap, bok, vark, pluimvee, kameel, hond, kat of ander huisdier of voël of 'n wilde dier of reptiel wat in gevangenskap verkeer of onder die beheer van iemand is, of insekte soos, maar nie beperk nie tot bye wat deur 'n persoon aangehou of beheer word, en sluit 'n troeteldier in;

"distriksmunisipaliteit" die Weskus Distriksmunisipaliteit gestig ingevolge Artikel 12 van die Munisipale Strukturewet, Wet 117 van 1998;

“dronk” ’n persoon wat weens die alkohol of dwelmmiddel wat hy of sy ingeneem het beheer oor sy of haar geestes- of fisiese vermoëns, of beide, tot so ’n mate verloor het dat hy of sy nie in staat is om hom- of haarself te gedra nie, of nie in staat is om enige handeling op so ’n wyse te verrig dat dit nie ’n gevaar vir hom- of haarself inhou nie;

"dwelmmiddel" ’n afhanklikheidsvormende stof, ’n gevaarlike afhanklikheidsvormende stof of ’n ongewenste afhanklikheidsvormende stof;

“eienaar”

(a) met betrekking tot ’n dier, ook iemand wat in besit is van of belas is met die sorg, bewaring of beheer van ’n dier;

(b) met betrekking tot openbare oorlaste ingevolge hierdie verordening-

(i) ’n persoon in wie die eiendomsreg van ’n perseel gevestig is;

(ii) die huurder van ’n perseel;

(iii) waar die persoon in wie se naam die eiendom geregistreer is oorlede of insolvent is of geestelik versteurd is of wie se boedel aangewys is vir wins van sy krediteure, die persoon in wie die administrasie van die perseel vestig as trustee, kurator, gevolmagtigde of administrateur;

(iv) waar die persoon soos bo beskryf afwesig is, die agent van sodanige persoon; en

(v) waar die perseel ingevolge ’n serwituut of soortgelyke reg besit word, die besitter daarvan;

“gemagtigde beampte” —

(a) ‘n werknemer van die munisipaliteit wat gemagtig is om die bepalings van hierdie verordening te implementeer en uit te voer;

(b) ‘n wetstoepassingsbeampte deur die munisipaliteit aangestel ingevolge Artikel 334 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977);

(c) ‘n lid van die diens soos vervat in Artikel 1 van die Wet op die Suid Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet 68 van 1995)

(e) ‘n Lid van die Diere Welsynsvereniging of Organisasie vir die voorkoming van dieremishandeling;

“munisipaliteit” die Swartland Munisipaliteit gestig ingevolge Artikel 12 van die Munisipale Strukturewet, 117 van 1998, en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, behoorlik gevolmagtigde agent daarvan of enige werknemer daarvan handelende ingevolge hierdie verordening uit hoofde van ’n bevoegdheid van die munisipaliteit wat gedelegeer of gesubdelegeer is aan gemelde politieke struktuur, politieke ampsbekleder, raadslid, agent of werknemer;

“munisipale bestuurder” die persoon wie as die munisipale bestuurder van die munisipaliteit aangestel is ingevolge die bepalings van artikel 54A van die Wet op

Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) en sluit enige persoon in-

(a) wat in sodanige pos waarneem; en
(b) aan wie die munisipale bestuurder enige magte, funksie of pligte delegeer het in soverre dit die uitvoering van daardie magte, funksie of pligte aangaan;

"okkupeerder" enige persoon wie enige eiendom beset of beheer daaroor het;

"openbare oorlas" enige handeling, versuim of toestand op 'n perseel, openbare plek of openbare straat met inbegrip van enige gebou, struktuur of gewas daarop wat aanstootlik of gevaarlik is of wat wesenlik inbreuk maak op die normale gemak, gerief, vrede of rus van 'n persoon of wat die veiligheid van 'n peroon nadelig kan beinvloed en **"oorlas"** het dieselfde betekenis;

"openbare plek" enige plein, gebou, park, strand, ontspanningsoord of oop terrein wat -

(a) by die munisipaliteit berus;
(b) die publiek die reg het om te gebruik, of
(c) getoon word op 'n algemene plan van 'n dorpsgebied in 'n akteregistrasiekantoor van 'n landmeter-generaal en wat verskaf is vir of gereserveer is vir die gebruik van die publiek of die eienaars van erwe in sodanige dorpsgbied;

"perseel"

(a) grond, hetsy publiek of privaat, of 'n gedeelte grond met of sonder'n gebou of struktuur daarop of
(b) 'n gebou, struktuur, tent of woonwa saam met die grond waarop dit staan insluitende enige voertuig, rytuig of vaartuig;

"pluimvee" enige hoender, gans, volstruis, eend, duif, kalkoen, makou, tarentaal, pou of voël hetsy dit makgemaak of wild is;

"straat" enige straat, pad, fietspad, of deurgang of enige ander plek wat insluit-

(a) die soom van enige sodanige pad, straat of deurgang;
(b) enige voetpad, sypaadjie of soortgelyke voetgangergedeelte van 'n padreserwe;
(c) enige brug, pont of drif waaroor of waardeur enige sodanige pad, straat of deurgang loop;
(d) enige ander voorwerp wat 'n deel uitmaak van sodanige pad, straat of deurgang, wat te enige tyd-
    (i) aan die publiek opgedra is;
    (ii) sonder onderbreking deur die publiek gebruik is vir 'n tydperk van minstens dertig jaar;
    (iii) deur die munisipaliteit tot sodanig verklaar of gemaak is; of
    (iv) deur 'n plaaslike owerheid aangelê is; en

(v) enige grond, met of sonder geboue of strukture daarop, wat as ’n straat aangetoon word op-

(aa) enige onderverdelingsplan of diagram deur die munisipaliteit of ander bevoegde owerheid goedgekeur en waarvolgens gehandel is; of

(bb) enige algemene plan soos omskryf in die Opmetingswet, Wet 9 van 1927, wat in ’n registrasiekantoor of die Landmeter-Generaal se kantoor geregistreer is of gebêre word, tensy sodanige grond op sodanige plan of diagram as ’n private straat beskryf word;

“struktuur” enige houer, stal, skuur, varkhok, kraal, voëlhok, kamp, pluimveehok, duiwehok of gebou of struktuur bedoel vir menslike skuiling, sakedoeleindes of vir die aanhou van diere;

“troeteldier” enige mak dier wat normaalweg in ’n huishouding aangehou word vir kameraadskap of vermaak;

“verantwoordelike owerheid” die Weskus Distriksmunisipaliteit of enige nasionale of provinsiale departement wat ingevolge die funksies en bevoegdhede daarvan voorwaardes met betrekking tot die aanhou van diere mag oplê;

“voël” enige duif, pou, fisant, patrys, kanarie, budjie, papegaai, volstruis en enige ander mak of wilde voël wat in gevangenskap is of onder beheer van iemand is.

2. Oogmerke van verordening en toepassing

(1) Die munisipaliteit, bewus van die grondwetlike reg wat elke persoon het op ’n veilige en gesonde omgewing, neem hierdie verordening aan met die doel om ’n veilige en gesonde omgewing vir alle inwoners in die Swartland gebied te bevorder deur ’n omgewing te skep waarin die algemene publiek vrede en harmonie kan geniet.

(2) Die bepalings van artikels 4(1), 12(1) en 13(1) is nie van toepassing nie op-

(a) ’n perseel of grond wat vir bona fide-landboudoeleindes gebruik word; of

(b) ’n perseel of grond wat deur die munisipaliteit aangewys is as ’n perseel of grond waar die aanhou van diere of die bedryf van ‘n troeteldiersalon, troeteldierwinkel of katteherberg en hondeherberg toegelaat word, en wat as sodanig aangedui word in ’n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk en soneringskema.

(3) ’n Persoon wat diere aanhou op ’n perseel bedoel in subartikel (2) is nie vrygestel van die bepalings van hierdie verordening met betrekking tot die veroorsaking van ’n openbare oorlas nie.

HOOFSTUK 1

ALGEMENE BEPALINGS INSAKE OPENBARE OORLASTE

3. Gedrag en optrede

(1) Ondanks die bepalings van enige ander verordening mag niemand –

(a) werk op enige perseel uitvoer of ’n gebou of grond gebruik op ’n wyse wat inbreuk maak op die gerief of gemak van ’n persoon of wat’n bron van gevaar vir ’n persoon uitmaak nie;

(b) onderworpe aan goedkeuring ingevolge die toepaslike soneringskemaregulasies, enige handel, besigheid, beroep of stokperdjie beoefen wat ongerief of ergernis vir ’n persoon veroorsaak nie;

(c) enige vrugte- of groenteskille, gebreekte bottels, glas, vullis, bourommel, tuinvullis of afval wat aanstootlik is of waarskynlik ergernis, gevaar of besering sal veroorsaak aan ’n persoon in of op enige perseel, straat of openbare plek stort, ophoop, uitgooi, neergooi of plaas, of toelaat dat dit gestort, uitgegooi neergegooi of geplaas word nie;

(d) toelaat dat die omheining van enige perseel in ’n vervalle, gevaarlike, onooglike of verwaarloosde toestand raak nie;

(e) toelaat dat ’n gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan op enige perseel in ’n vervalle, gevaarlike, verwaarloosde of onooglike toestand raak nie;

(f) enige stoep of veranda van enige winkel of besigheidsperseel of onbeboude grond wat aan sodanige winkel of besigheidsperseel grens, gebruik of laat gebruik of toelaat dat dit gebruik word vir die doel om enige goedere, kratte, houers, artikels of handelsware op te berg, op te stapel, te stort of weg te doen nie op ‘n wyse wat ‘n oorlas vir ‘n persoon veroorsaak nie;

(g) die gerief, gemak, vrede en rus van ’n persoon versteur deur die gebruik van elektriese toebehore of enige masjinerie of toerusting, ongeag of dit nie behoorlik funsioneer of nie;

(h) ’n openbare toilet of enige ander openbare fasiliteit of installasie bemors, misbruik of beskadig nie;

(i) enige materiaal of ding wat aanstootlik of gevaarlik is of kan word, deur of in ’n straat of openbare plek dra of vervoer nie tensy sodanige aanstootlike materiaal of ding met geskikte materiaal bedek is;

(j) toelaat dat enige erf oorgroei word met bosse, onkruid of gras of ander plantegroei, tot so ’n mate dat dit as skuilplek gebruik kan word deur rondlopers, knaagdiere, slange of ongediertes of die veiligheid van ’n persoon mag bedreig nie;

(k) enige struktuur op enige perseel oprig of toelaat dat dit opgerig word op ’n wyse dat dit ’n oorlas vir ’n persoon is nie;

(l) deur ’n handeling of versuim, regstreeks of onregstreeks, toelaat dat ’n openbare oorlas ontstaan of voortgesit word nie;

(m) aanstootlike materiaal in of op enige erf, straat, riool, watersloot, vuilriool, deurgang, openbare plek of perseel aflaai, ophoop of plaas of laat aflaai, ophoop of plaas of toelaat dat dit daarin of daarop afgelaai, opgehoop of geplaas word nie, behalwe op ’n plek of plekke wat die munisipaliteit vir sodanige doeleindes afsonder of goedkeur; met dien verstande dat die munisipaliteit toestemming aan openbare garages, werkswinkels en ander ondernemings kan verleen vir die hou, opberging, herstel, aftakeling of hermontering van enige motorvoertuig of ander voertuig of apparaat op persele wat deur die munisipaliteit goedgekeur is;

(n) in’n openbare stroom, rivier, fontein, dam of watersloot swem of hom of ’n dier of kledingstuk of ’n ander artikel of ding op ’n plek wat nie deur die munisipaliteit vir enige sodanige doel afgesonder is, was nie;

(o) ’n openbare oorlas veroorsaak deur-

(i) in enige straat of openbare plek te drentel of leeg te lê nie;

(ii) dronk of onder die invloed van dwelmmiddels te wees nie;

(iii) sy of haar dienste in ’n straat of openbare plek aan ’n ander persoon aan te bied met die oog op die pleging van ’n onsedelike daad nie;

(iv) toe te laat dat ’n perseel waartoe die publiek toegang het gebruik word vir die doeleindes van die pleging van onsedelike dade;

(v) aan te hou bedel by ’n persoon of ’n persoon aanhou volg of aanhou om hom of haar aan ’n persoon op te dring vir die lewering van enige tipe diens nadat so ’n persoon negatief op die bedelary of op die aanbod om dienslewering gereageer het;

(vi) harde musiek te speel of musiekinstrumente op enige perseel gebruik nie;

(vii) ware of dienste te adverteer deur middel van ’n megafoon, luidspreker of dergelike toestel of deur aanhoudend te skreeu, op ’n ghong te slaan, toeters te druk of klokke te lui nie;

(p) in enige straat of openbare plek beledigende of dreigende taal besig of steurende geluide maak nie;

(q) ’n vuurwapen op enige perseel, behalwe ’n perseel of grond wat gesoneer is vir landboudoeleindes en wat nie deel vorm ’n algemene plan van ’n dorpsgebied nie, afvuur nie.

(2) (a) Waar ’n oortreding van artikel 3(1)(a) tot (m) en (o)(iv) plaasvind mag die munisipaliteit ’n kennisgewing op die eienaar of okkupeerder of beweerde oortreder beteken om binne ’n bepaalde tyd die handeling of versuim te staak of die oorlas uit die weg te ruim.

(b) By versuim om aan sodanige kennisgewing gevolg te gee en sonder inkorting van die munisipaliteit se reg om vervolging in te stel, mag die munisipaliteit alle nodige maatreëls tref om die oorsaak of bron van sodanige oorlas te verwyder en enige koste in verband daarmee verhaal van die persoon wat verantwoordelik is vir die oorlas, of die eienaar of okkupeerder van die perseel waarop die oorlas ontstaan of voortgesit word, ongeag of die eienaar of okkupeerder daarvoor verantwoordelik is aldan nie.

(3) Vir die toepassing van hierdie verordening word enige handeling of toestand wat die veiligheid van ’n persoon of eiendom in gevaar stel of wat onooglik, ergerlik, hinderlik, aanstootlik of rusversteurend is vir ’n persoon, as ’n openbare oorlas beskou.

HOOFSTUK 2
AANHOU VAN DIERE

4. Toestemming om diere aan te hou

(1) Niemand mag enige diere, wat troeteldiere uitsluit, sonder die skriftelike toestemming van die munisipaliteit op enige perseel of eiendom aanhou of laat aanhou nie.

(2) Ten einde die aanhou van diere op persele te bestuur, kan die munisipaliteit die getal byekorwe en die soort, getal en geslag van diere bepaal wat aangehou mag word, sowel as die gebiede waarin die aanhou van sodanige diere of bye verbied word.

(3) Om ’n aansoek om toestemming ingevolge subartikel (1) te oorweeg, mag die munisipaliteit die menings of kommentaar van die eienaar of okkupeerders van omliggende persele inwin.

5. Pligte van die eienaar of bewaarder van diere

(1) Die eienaar van ’n dier of die persoon in beheer daarvan –

(a) mag nie veroorsaak of toelaat dat ’n dier die gerief, gemak, vrede of veiligheid van ’n persoon versteur nie;

(b) moet sodanige dier van slaapplek, skuiling, veterinêre sorg, water en behoorlike kos voorsien om te voorkom dat die dier ’n openbare oorlas veroorsaak;

(c) moet ten alle tye die perseel waarop ’n dier aangehou word en alle gepaardgaande toebehore in skoon en netjiese toestand hou om te voorkom dat ’n openbare oorlas ontstaan;

(d) moet beheer oor sy of haar diere uitoefen ten einde skade aan eiendom of tuine te verhoed; en

(e) mag nie ’n dier sonder toesig op enige gedeelte van ’n openbare pad laat, of toelaat dat dit op ’n openbare pad is nie en mag dit ook nie op enige plek laat vanwaar dit op enige deel van ’n openbare pad mag afdwaal nie.

(2) Die bepalings van artikel 6 is van toepassing op ‘n persoon wat enige van die bepalings van subartikel (1) oortree.

6. Diere wat op ’n onbevredigende wyse aangehou word

(1) Wanneer ookal diere wat op enige perseel aangehou word ’n openbare oorlas veroorsaak, mag die munisipaliteit deur skriftelike kennisgewing die eienaar of okkupeerder van sodanige perseel aansê om die oorsaak van sodanige oorlas te verwyder of om te voldoen aan enige voorskrif of voorwaarde opgelê ingevolge subartikel (2).

(2) Die munisipaliteit mag die stappe voorskryf wat geneem moet word of die werk wat gedoen moet word op koste van die eienaar of okkupeerder om te voldoen aan die voorwaardes en instruksies ingevolge ’n kennisgewing bedoel in subartikel (1).

(3) Indien ’n eienaar of okkupeerder versuim om die stappe ingevolge subartikel (1) te neem, mag die munisipaliteit die nodige stappe neem om die oorlas te verwyder, insluitende die beslaglegging op en skut van sodanige diere, en die kostes van die eienaar verhaal.

(4) Die beslaglegging op en skut van diere is onderhewig aan die bepalings van artikel 19.

7. Genadedood van diere

(1) ‘n Gemagtigde beampte mag die genadedood van ‘n dier gelas of gelas dat ‘n dier vankant gemaak word wanneer dit in of op ’n openbare plek of openbare straat aangetref word en dit-

(a) gevaarlik of boosaardig is tot so ’n mate dat die lewe of eiendom van ’n persoon bedreig word; of

(b) sodanig beseer of siek is dat dit wenslik sou wees om dit te doen.

(2) Wanneer ’n dier ingevolge subartikel (1) vankant gemaak word, moet dit gedoen word deur ’n geregistreerde veearts of met sodanige instrumente of toestelle as wat nodig mag wees en op ’n wyse wat so min lyding as moontlik veroorsaak.

8. Sigbaarheid van strukture op persele

Alle strukture waarin diere op ’n perseel aangehou word moet toepaslik afgeskerm word van enige straat.

9. Handeldryf met diere

Niemand mag handeldryf met ’n dier in ’n straat of openbare plek of vanaf ’n mobiele struktuur of voertuig nie.

HOOFSTUK 3
BEPALINGS MET BETREKKING TOT HONDE

10. Honde in strate of openbare plekke

(1) Onderworpe aan die bepalings van die Verordening insake Openbare Geriewe, mag die eienaar of bewaarder van ’n hond dit nie in ’n straat of openbare plek bring of dit toelaat om daar te wees nie tensy die hond aan ’n leiband gehou word, met dien verstande dat die munisipaliteit plekke of gebiede kan aanwys waar honde onder toesig van die eienaar of persoon in beheer daarvan toegelaat word om sonder leiband te wees.

(2) Behalwe in die geval van ’n blinde persoon wat deur ’n gidshond begelei word, moet ’n persoon in beheer van ’n hond in ’n straat of openbare plek die ontlasting van sodanige hond verwyder deur dit in plastiek of papier toe te draai en te plaas in ’n houer wat vir rommel of afval voorsien is.

11. Beheer oor honde

(1) Niemand mag-

(a) toelaat dat ’n hitsige teef sonder toesig in ’n straat of openbare plek is nie;

(b) ‘n hond aanspoor om enige persoon of dier aan te val, lastig te val of bang te maak nie, tensy daar in selfverdediging opgetree word;

(c) ’n hond aanhou indien die perseel waarop die hond aangehou word nie behoorlik en voldoende omhein is om sodanige hond binne te hou wanneer dit nie aan ’n leiband is nie.

(d) toelaat dat ’n hond -

(i) op private eiendom oortree nie;

(ii) ‘n gevaar skep vir verkeer wat enige openbare pad gebruik nie;

(iii) ‘n bron van gevaar of besering is vir ‘n persoon buite die perseel waarop sodanige hond aangehou word nie; of

(iv) ’n bron van gevaar is vir die munisipaliteit se werknemers wat sodanige perseel betree met die doel om hul pligte uit te voer nie.

(e) ‘n hond aanhou wat die gewone gemak, gerief, vrede of rus van ’n persoon versteur deur –

(i) te blaf, te kef, te tjank of te huil;

(ii) af te storm op enige voertuie, diere, pluimvee, duiwe of persone buite enige perseel waar die hond aangehou word, of

(iii) deur hom op enige ander wyse te gedra nie.

(2) ‘n Gemagtigde beampte mag, sonder lasbrief, op ’n hond wat strydig met die bepalings van hierdie verordening in ’n straat of openbare plek gevind word, beslag lê en dit skut op ’n plek deur die munisipaliteit bepaal.

(3) ’n Hond wat kragtens subartikel (2) geskut is, kan aan die eienaar of bewaarder daarvan vrygestel word teen betaling van ’n bedrag soos deur die munisipaliteit bepaal.

12. Getal honde

(1) Niemand mag op enige perseel meer as twee honde sonder die toestemming van die munisipaliteit aanhou nie.

(2) ‘n Aansoek ingevolge subartikel (1) moet ingedien word op ‘n aansoekvorm wat by die munisipaiteit beskikbaar is, en moet ‘n uiteensetting insluit van die ras, geslag en getal honde waarvoor aansoek gedoen word.

(3) Die beperking ingevolge subartikel (1) geld nie vir ’n tydperk van 10 weke na die geboorte van die werpsel nie.

13. Hondetelers

(1) ‘n Hondeteler wat meer as twee honde wil aanhou moet toestemming van die munisipaliteit bekom.

(2) ‘n Aansoek ingevolge subartikel (1) moet ingedien word in die vorm wat die munisipaliteit voorskryf, en moet ‘n uiteensetting bevat van die ras, geslag en getal honde waarom daar aansoek gedoen word.

(3) Planne en spesifikasies van voorgestelde strukture vir die aanhou van honde, sowel as ‘n terreinplan wat alle bestaande of voorgestelde strukture en omheinings aandui op die perseel waarvoor die permit vereis word, moet die aansoek in subartikel (1) vergesel, en sodanige planne moet deur die munisipaliteit goedgekeur word.

14. Voorwaardes en beperkings

Die munisipaliteit se toestemming ingevolge artikel 4(1), 12(1)en 13(1) sal verleen word onderworpe aan sodanige voorwaardes en beperkings as wat die munisipaliteit in oorleg met ‘n ander verantwoordelike owerheid mag oplê.

15. Intrekking van toestemming

(1) Waar ‘n persoon in stryd is met óf versuim om te voldoen aan ‘n voorwaarde of beperking in artikel 14 beoog, mag die munisipaliteit, nadat daardie persoon aangehoor is, die toestemming intrek en gelas dat die diere van die perseel verwyder en in die sorg en bewaring van ‘n dierewelsynsorganisasie of skut geplaas word.

(2) Enige koste wat die munisipaliteit vir die verwydering en bewaring van diere in subartikel (1) aangaan, is verhaalbaar van die persoon wat sodanige diere besit of aanhou.

HOOFSTUK 4
SAMEWERKING TUSSEN MUNISIPALITEITE

16. Dienslewerings reëlings

Aangesien die aanhou van diere op ’n perseel ook tot ’n gesondheidsoorlas kan lei, mag die munisipaliteit, ten einde optimale dienslewering ingevolge hierdie verordening te verseker, ooreenkomste aangaan met die distriksmunisipaliteit waarmee wetgewende en uitvoerende gesag gedeel word.

17. Bevoegdhede van die munisipaliteit

Indien die dienslewering waarna in artikel 15 verwys word belemmer word deur die weiering of versuim van die distriksmunisipaliteit om enige van die reëlings wat in ’n ooreenkoms ingevolge artikel 15 voorsien is, uit te voer of na te kom, mag die munisipaliteit, onderworpe aan die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 rakende samewerkende regering, voortgaan en uitvoering gee aan sodanige reëlings en enige uitgawes wat in verband daarmee aangegaan word, van die distriksmunisipaliteit verhaal.

HOOFSTUK 5
AFDWINGING

18. Reg van toegang en inspeksie

(1) ‘n Gemagtigde beampte mag op ’n redelike tyd enige perseel binne die munisipale gebied inspekteer, ten einde te bepaal of daar aan die bepalings van die verordening voldoen word.

(2) Wanneer ’n perseel ingevolge subartikel (1) betree word, moet die gemagtigde beampte op versoek van die persoon in beheer van die perseel hom- of haarself identifiseer.

(3) Die gemagtigde beampte mag vergesel word van ’n persoon van wie dit redelikerwys verwag word om te help met die uitvoer van die inspeksie.

19. Beslaglegging op en skut van diere

(1) ‘n Gemagtigde beampte mag-

(a) op grond van ‘n lasbrief, beslaglê op diere en dit verwyder vanaf die perseel waar dit teenstrydig met die bepalings van artikel 5(1)(a) tot (d) aangehou word;

(b) sonder lasbrief-

(i) beslaglê op diere en dit verwyder onder die omstandighede bedoel in artikel 5(1)(e); en

(ii) beslaglê op diere en dit verwyder indien hy of sy redelike gronde het om te vermoed dat toegang sonder ‘n lasbrief nodig is om dreigende beserings teenoor ‘n persoon of die dood van ‘n persoon te voorkom.

HOOFSTUK 6
ALGEMENE BEPALINGS

20. Betekening van dokumente

(1) Wanneer enige kennisgewing, bevel of ander dokument gemagtig is of nodig is om bedien te word op ’n persoon ingevolge hierdie verordening, word dit geag behoorlik aan sodanige persoon beteken te wees-

(a) wanneer dit persoonlik aan of haar afgelewer is;

(b) wanneer dit by sy plek van inwoning of besigheid in die Republiek gelaat is by ’n persoon wat duidelik ouer as sestien jaar is;

(c) wanneer dit gepos is per geregistreerde of gesertifiseerde pos aan sy of haar laaste bekende woon- of besigheidsadres in die Republiek en ’n erkenning van die versending verskaf word;

(d) indien sy adres in die Republiek onbekend is, wanneer dit aan sy of haar agent of verteenwoordiger in die Republiek bedien is op so ’n manier soos bepaal deur paragraaf (a), (b) of (c), of

(e) indien sy of haar adres en agent in die Republiek onbekend is, wanneer dit opsigtelik vertoon word op die vaste eiendom, indien enige, waarop dit betrekking het.

(2) Wanneer enige kennisgewing, bevel of ander dokument soos die voorgenoemde gemagtig is of bedien moet word aan ’n persoon sal dit nie nodig wees om hom of haar by naam te noem nie, en sal dit voldoende wees as hy of sy daarin beskryf word as die eienaar, okkupeerder of houer van ’n reg.

21. Appél

Iemand wie se regte geraak word deur ’n besluit wat deur die munisipaliteit gedelegeer is, mag ingevolge artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 teen die besluit appél aanteken by wyse van skriftelike kennisgewing van die appél en die redes daarvoor aan die munisipale bestuurder binne 21 dae van die datum van kennisgewing van die besluit.

22. Strafbepalings

(1) Dit is ’n misdryf om-

(a) vals inligting aan ’n gemagtigde persoon te voorsien in verband met enige saak betreffende hierdie verordening;

(b) te weier om op versoek van ’n gemagtigde persoon wat ingevolge hierdie verordening gerig is, saam te werk; of

(c) om ’n gemagtigde beampte te hinder of te dwarsboom in die uitvoering van sy of haar pligte.

(2) ’n Persoon wat enige van die bepalings van artikels 3, 4, 5, 9, en 10 tot 13 oortree of versuim om daaraan te voldoen, of versuim om aan ’n voorwaarde of kennisgewing uitgereik ingevolge enige bepaling van hierdie verordening te voldoen, pleeg ’n misdryf en kan by skuldigbevinding –

(a) ‘n boete of gevangenisstraf opgelê word, of sodanige boete of gevangenisstraf, of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf; en

(b) in die geval van ’n voortgesette misdryf, ’n bykomende boete of ’n bykomende tydperk van gevangenisstraf of sodanige bykomende gevangenisstraf sonder die keuse van ’n boete of beide sodanige bykomende boete en gevangenisstraf vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur; en

(c) ‘n verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat die hof bevind deur die munisipaliteit aangegaan is weens sodanige oortreding of versuim.

23. Vrystellings

Nieteenstaande die bepalings van die verordening, mag die munisipaliteit enige persoon of kategorie van persone vrystel van enige of al hierdie vereistes en mag dit enige ander vereistes oplê wat nodig mag wees.

24. Gemeenskapskakelforums

(1) Die munisipaliteit mag skakelforums in ’n gemeenskap instel vir die doel om –

(a) geleenthede vir die gemeenskap te skep om deel te neem aan die aangeleenthede van die munisipaliteit; en

(b) die handhawing van ’n veilige en gesonde omgewing te bevorder.

(2) ‘n Skakelforum mag bestaan uit –

(a) ‘n lid of lede van ’n belangegroep, of geaffekteerde persoon;

(b) ‘n aangewese beampte of beamptes van die munisipaliteit; en

(c) ‘n raadslid.

(3) (a) Die munisipaliteit mag, wanneer ’n aansoek om toestemming, permit of vrystellingsertifikaat oorweeg word ingevolge hierdie verordening, die insette van ’n skakelforum versoek.

(b) ‘n Skakelforum of enige persoon of persone bedoel in subartikel (2) mag op eie inisiatief, ’n inset aan die munisipaliteit vir oorweging stuur.

23. Herroeping van Verordeninge

Die Verordening insake Openbare Oorlaste – Swartland Munisipaliteit soos afgekondig in Buitengewone Provinsiale Koerant No. 7402 van 12 Junie 2015 word hiermee in geheel herroep.

24. Kort titel en inwerkingtrede

Hierdie verordening staan bekend as die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Openbare Oorlaste en tree in werking op die datum waarop dit in die Provinsiale Koerant gepubliseer word.